***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die verwerping van die Goddelike Woord vanuit geestelike arrogansie – 6/11/58

**NO: 7203** Wie homself afsluit vir die Woord van God in geestelike arrogansie, wanneer dit vir hom aangebied word deur My dienaars op aarde, sal homself eendag moeilik kan verantwoord.

Want dit is geen geestelike onvermoë om iets ligvol te herken nie, **maar dit is 'n afwysing vanuit lae motiewe wat deur My teenstander in die hand gewerk word deur sy invloed**.

Geestelike verwaandheid skakel elke ondersoek uit. Geestelike verwaandheid is egter 'n duidelike teken dat die mens onder 'n duistere invloed staan, **want geestelike aanmatiging is die kenmerk van diegene wat homself teen My verset**, omdat hy My nie wil erken nie. Die geestelike aanmatiging van hom wat eerste geval het, weer die lig af wat hom deurstraal en wys dit af om welke rede die diepste duisternis hom dan sal omgewe.

**En so bly die mens in geestelike duisternis**, wat in verwaandheid die lig weer afwys wanneer My genade dit wil laat skyn om die hart van 'n sweempie lig te voorsien. Maar die motief om die lig af te wys is belangrik, want dit kan ook deur ander motiewe afgewys word, wat nie so sterk te veroordeel is as juis die arrogansie van 'n mens nie.

En daar kan van geestelike verwaandheid gepraat word wanneer die mens **meen dat hy geen meer onderrig nodig het nie,** om in geestelike kennis voldoende onderrig te wees en **sy eie kennis buitengewoon hoog aanslaan** en sodoende glo dat hy geen vêrdere kennis nodig het nie.

Tog sou die mens ook dan nog bereid moet wees om dit wat hom aangebied word, **te ondersoek**.

Hou hy dan daarna nog met oortuiging aan sy wil vas en wys hy dit opnuut af, dan sal sy oordeel hom nie so swaar toegereken word nie, **want deur sy geestelike blindheid ontbreek dit hom dan aan die vermoë om te oordeel.**

Bly so 'n ondersoek egter agterweë, dan stoot die mens met sy krasse afwysing die hand van genade wat deur My aangebied word, weg en eenmaal sal die verantwoording hom swaar tref, want eendag sal die insig kom en dit kan dan ook te laat wees.

Deur dwang kan niemand daartoe gebring word om My Woord aan te neem nie, maar elkeen het die geleentheid om homself ernstig besig te hou met vrae van twyfel, **want sulke twyfel lê Ek Self in die hart van diegene wat nog nie op die regte weg is nie**.

En teenoor sulke vrae sou ook alle mense hulle standpunt moet bepaal en hulle sal slegs voordeel daaruit trek, want opheldering sal hulle sekerlik kry in soverre hulle dit ernstig begeer. Maar nou sal dit blyk of die mens die waarheid ernstig begeer, want dit sal hom sekerlik aangebied word.

**Geestelike arrogansie** wys dit egter direk af, omdat die teenstander dit so wil en sy wil ook verseker vervul sal word deur diegene wat dieselfde ingesteldheid het.

Aanmatiging het die eerste ligwese tot 'n val gebring en **aanmatiging is daarom ook die aard van al sy aanhangers**, wat hulle onmiskenbaar daardeur laat kenmerk as sy aanhang.

En daar moet 'n groot stap geneem word, die innerlike van die mens moet ernstig probeer om homself te verander, **die mens moet uit sy hoogmoed in die deemoed afdaal** en homself dus heeltemal losmaak van My teenstander en tot My kom in die diepste deemoed. Dan eers sal 'n lig skyn in die hart van die mens en dan eers sal hy in staat wees om die kosbare genadegawe te herken wat My Woord vir elke mens en sy sieleheil is.

**Dan eers sal hy dankbaar aanneem wat die Liefde van die Vader Sy kind aanbied**. Dan sal hy erg verlang na spys en drank, maar tog voortdurend ook versadig word deur My Liefde. Amein.